higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N850**(A)**(J8)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010454)

8 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: **Wit A4-tikpapier**

Sakrekenaars mag gebruik word.

Kandidate benodig tekeninstrumente en 'n swart fynomlynpen.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 2 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A : 50 punte
   AFDELING B : 150 punte
   GROOTTOTAAL: : 200 punte

5. Alle ontwerpe moet op VYFDE SKAAL gedoen word, tensy anders aangedui.

6. Moenie blokke vir beplanning en manipulasie natrek nie. Gebruik die antwoordboek.

7. Gebruik SLEGS die blokke wat voorsien is vir manipulasies.

8. Doen die blokke op wit tikpapier.

9. Gebruik 'n SWART fynomlynpen om duidelike konstruksielyne te trek.

10. MOENIE die blokke op die stippellyne sny nie; plak dit in die antwoordboek.

11. Plak manipulasies direk in die ANTWOORDBOEK. Voeg dan die naat- en soomtoelatings by. Geen los patrone sal nagesien word nie.

12. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die voor- en agterpante van die lyfie word nie benodig wanneer die … kraag gekonstrueer word nie.

A matroos-
B hemps-
C Peter Pan-
D sjaal-

1.2 Die gulp aan 'n seunsbroek vir 'n vyfjarige maak … toe.

A links oor regs
B regs oor links
C voor in die middel
D soos verkies

1.3 Om 'n mesplooi in 'n patroon in te voeg, laat … vir die diepte van die plooi toe.

A een maal
B twee maal
C drie maal
D vier maal

1.4 Paslyne is dieselfde as … lyne.

A vou-
B vaste
C stik-
D sny-

1.5 Merkkepe word … geplaas.

A slegs op die styllyn
B alle nate
C slegs op vertikale nate
D die soomlyn

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Verduidelik hoe die volgende figuurafmetings vir 'n vyfjarige meisie geneem word:

2.1 Middel
2.2 Borskas
2.3 Rugbreedte
2.4 Sitvlak
2.5 Skouerbreedte
2.6 Oor borskas

(6 × 3) **[18]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	… word vir wegneem van volheid gebruik	A	polslyn
3.2	Die … vir 'n romp word op dieselfde manier as die patroondele van die materiaal ontwerp	B	voeringpatroon
		C	basiese lyfblok
3.3	Stiklyne op die finale patroon word deur … aangedui.	D	gebroke lyne
		E	rygplooie
3.4	'n Prinseslyn (princess line) loop deur die …	F	skouerlyn
3.5	'n Reguit mouband is 'n patroon wat gebruik kan word om 'n mou by die ... af te werk.	G	onderdruknaat
		H	steeklyn
3.6	Die pylnaat by die skouerlyn van die … is 'n beheernaat.	I	culotte
		J	soomsak (‘inseam pocket’)
3.7	Kom op die voorste en agterste mousgate voor.		
3.8	Aan die synate vasgeheg		
3.9	Broekromp		
3.10	Middel van die lyfblok		

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Benoem die patroonmerktekens wat 1 tot 7 in die diagram hier onder gemerk is. Skryf slegs die antwoord langs die nommer (1–7) in die ANTWOORDBOEK neer.



[7]

VRAAG 5

Doen slegs die berekeninge vir 'n basiese mou vir 'n lyfblok (grootte 5) vir 'n meisie.

Die antwoorde moet op VOLSKAAL wees.

NODIGE AFMETINGS: (GROOTTE 5)

Moulengte	43,5 cm
Bo-arm	23 cm
Pols	14,5 cm

INSTRUKSIES:

5.1	1–2	=	Halwe skouerlengte wat af gemeet is
5.2	1–3	=	Bo-arm-afmeting
5.3	3–4	=	Moulengte wat af gemeet is
5.4	5	=	Die helfte van die afmeting van 1 na 2
5.5	1–7	=	Kwart van die moulengte

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 6

Ontwerp 'n mouband vir 'n seunshemp op VOLSKAAL.

NODIGE AFMETINGS

Banddiepte	=	6,5 cm
Bandlengte	=	14,5 cm
Knoopstand	=	1,5 cm
Knoopdeursnee	=	1,5 cm
Naattoelating	=	1,5 cm

Dien die finale patroon van die reguit band in.

INSTRUKSIES:

1–2 = Helfte van die afmeting van die bandlengte

1–3 = Banddiepte (6,5 cm)

3–4 = 1–2

4–2 = 1–2
Teken die bandvorm.
Voeg die knoopstand in. (Merk die knoopsgat en die knoopposisie.)
Voeg die naattoelating en die draadlyn (grainline) in.
Benoem die patroon.

[15]

VRAAG 7

Ontwerp 'n basiese rompblok vir grootte 13 op VYFDE SKAAL. Gebruik die afmetings en die instruksies hier onder.

NODIGE AFMETINGS

Middel	=	66 cm
Heup	=	93 cm
Heupdiepte	=	20 cm
Romplengte	=	71 cm

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES:

Lê die linkerkant haaks vanaf punt 0, ongeveer 20 cm vanaf die regterkant van die bladsy.

0–1 = 3 cm af vir die middel voor

1–2 = Halfheupafmeting minus 1,2 cm na links gemeet (45,3 cm)
Las 1 aan 2.

1–3 = Heupdiepte-afmeting van die heup wat langs die voorste middellyn af gemeet is (20 cm)

2–4 = Heupdiepte-afmeting wat af gemeet is en 3 aan 4 is gelyk aan die heupafmetings plus 6 mm na links gemeet. Hierdie twee afmetings moet gelyktydig gemeet word (20 cm af en 47,1 cm na links).

2–5 = Romplengte: Plaas die liniaal op punte 2 en 4 en trek 'n lyn in die middel agter om 'n middelagterlyn te vorm (714 cm).

1–6 = Romplengte langs die middelvoorlyn (71 cm) Las 5 aan 6.

2–7 = Die helfte van 2 na 1, plus 6 mm na regs gemeet (23,25).

5–8 = Helfte van 5 na 6 plus 6 mm na regs en 1,2 cm af gemeet.
Las 7 aan 8 vir die synaat. Merk punt x waar lyne 7 na 8 en 3 na 4 kruis.
Las 5 aan 8 en 8 aan 6 vir die voulyn.

1–9 = Een kwart van die middelafmeting plus 2 cm, na links op lyn 1 na 2 gemeet (18,5).

10–A = 7,5 cm na regs gemeet

A–B = 1 cm links van A

A–C = 1 cm regs van A haaks af 6,5 cm vir A op die lyn vanaf 10 na A.
Merk die pylnaat van hierdie punt af na B en na C.

X–11 = X na 10 2,5 cm na links van 7 af geplaas.
Trek 'n reguit streep van 11 na 2 vir die agterste middellyn.
Draai van X na 11 vir die agterste synaat-heupboog.

AGTERSTE PYLNAAT

Meet die afstand van 2 na 11 en trek 'n kwart van die middelafmeting hiervan af. Dit wat oorbly is die breedte van die pylnaat.

2–12 = Meet 7,5 cm na regs vanaf 2 na 11 lyn

12A–12B = Meet die pylnaatbreedte van hierdie punt af na regs (4,25)

12 = Die middelpunt van die pylnaattoelating

12–13 = Lê haaks vanaf 12 op lyn 11 na 12 vir 17,5 cm. Voltooi die pylnaat aan die agterkant deur 12A aan 13 en 12B aan 13 te las.

BENOEM DIE BLOK.

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

Gebruik enige metode om 'n tweestukhempskraag te ontwerp. Gebruik die volgende afmetings en doen die konstruksie in HALFSKAAL:

AFMETINGS:

Kraag en stand (kraagdiepte)	=	8 cm
Nekgrootte	=	38 cm
Knoopstanddiepte	=	1,5 cm

INSTRUKSIES:

1–2	=	Halveer die afmeting.
1–3	=	Kraagstand en kraagdiepte-afmeting (8 cm)
1–4	=	¾ van die afmeting 1–2
2–5	=	5 mm
1–6	=	½ van die afmeting 1–3 minus 1 cm
7–8	=	0,75 cm; teken kraagbuitelyn van 3–8.
5–9	=	Knoopstand, las 8–9 en 4–9 met 'n boog. Merk die knoopsgat.

[30]

VRAAG 9

Bestudeer die skets van die MATROOSKRAAG hier onder.



Gebruik die voorste en agterste lyfblok (grootte 5) BYLAE A (aangeheg) en konstrueer 'n matrooskraag volgens die volgende instruksies op HALFSKAAL.

AFMETINGS:

Belegseldiepte (facing depth)	=	4 cm
Kraagdiepte agter in die middel	=	12 cm
Knoopdeursnee	=	1,5 cm
Knoopstand	=	1,5 cm
Naattoelating	=	1,5 cm
Spasiëring van knope	=	5 cm

9.1 Dien die beplanning van die matrooskraag in. (25)

9.2 Dien die finale patroon van die matrooskraag alleen in. (15)

INSTRUKSIES:

9.1 Plaas die voorste en agterste lyfiepatrone by die skouernekpunte bymekaar.

A = Agterste en voorste skouernekpunte
Laat skouermousgatpunt by 2 cm saamval.

B = Skouermousgatpunt waar agter- en voorkant oorvleuel

C = Middelste voorste halslynpunt
Voeg knoopstand en knoopposisie in.

C–D = 10 cm af op die CF-lyn
Teken die hergevormde middelste voorste halslyn.

E = Middelste agterste hals

E–F = 12 cm en lê dwars haaks

F–G = 12 cm
Teken die kraag se buitekant. (Lê haaks vanaf G na D.)
Teken die voorste en agterste belegsel.
Teken die draadlyne (grain lines) en voeg die naattoelatings by.
Benoem die patroondele.

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10

Gebruik die dameslyfstuk (grootte 13) in BYLAE B (aangeheg). Dien slegs die patroonplan van die manipulasie van die skouerpylnaat na die onderarmpylnaat in.



VRAAG 11

Konstrueer 'n sirkelromp vir 'n vyfjarige meisie in VYFDE SKAAL.
Gebruik die afmetings wat hier onder gegee word en dien die volgende in:

10.1 Beplanningsfase (17)

10.2 Finale patroon (13)

AFMETINGS:

Radius vir middelafmetings	=	17 cm
Romplengte	=	40 cm
Naattoelating	=	1,5 cm
Soomtoelating	=	1 cm

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A



BYLAE B



Kopiereg voorbehou